Sondag, 14 Julie 2024

**God se liefde is vol geregtigheid, ontferming en trou – en daarom só, ook óns liefde...**

*"Die begin van wat die Here deur Hosea gesê het:*
*Die Here het vir Hosea gesê: 'Gaan neem vir jou 'n vrou… Noem die seun: Jisreël… Noem die dogter: Lo-Rugama… Noem die seun: 'Lo-Ammi'…*
*Sê vir jullle broers: 'Ammi' en vir julle susters: 'Rugama'.''*
(Hosea 1:2, 4, 6, 9 en 12)

Iewers in die 8ste eeu vóór Christus, tree 'n profeet genaamd Hosea in die land Israel op as gestuurde van die Here, met Sý woord (1:1). Dit is na hierdie profeteboek dat ons vanjaar in Koninkrykstyd – in hierdie derde kwartaal – terugblaai. Waarskynlik het die noordelike ryk (Israel) en hul hoofstad toe reeds voor die Assiriërs geval (722 v.C.), is die tien stamme as ballinge weggevoer om nooit weer na hul land en Samaria terug te keer nie, en word hierdie profeteboodskap as 'n waarskuwing aan die suidelike twee stamme – Juda en Benjamin – gebring; oppas, "keer terug, keer terug na die Here" (14:2-3). Die woord wat tot Hosea kom, roep die volk op tot niks minder as 'n diepe besinning oor wie hulle is en waar hulle hul op hul lewensweg bevind; oor bekering (om óm te draai), belydenis en nuwe toewyding…

Die merkwaardige in hierdie profeteboek is egter dat die woord van die Here nie net na die profeet kom sodat hy dit aan die volk kan gaan predik nie, maar dat dit as't ware in sy eie lewe sigbaar moet word – "wat die Here deur Hosea gesê het" – soveel só dat sommige kommentators gemeen het hierdie kon nie regtig gebeur het nie; hierdie is 'n gelykenis. Want, die Here se opdrag is: *"Gaan neem vir jou as vrou 'n prostituut wat hoerkinders het"* (1:2). Dáár lê die impak van wat die Here se woord wil sê:

> *"It is the people you love who hurt you most. One can almost trace the degree of potential pain along a scale – from the rebuff which you hardly notice from a stranger, to the rather upsetting clash you may have with a friend, right on to the stinging hurt of a jilting, the ache of a parent-child estrangement, or, most wounding of all, the betrayal of a marriage"* (Derek Kidner, in sy **'Love to the Loveless. The story and message of Hosea'**, 1981:17).

En presies dít word alreeds op daardie eerste bladsye van die profeteboek duidelik, in die name van die betrokkenes: "Hosea" (die-Here-red), "Jisreël", "Lo-Rugama" (sonder-ontferming) en "Lo-Ammi" (nie-my-volk-nie)… Verrassend, verrassend is die liefde van God. Kom lees en luister hierdie kwartaal saam, en bepeins dit in jou hart…

**JL.**

Hartlik welkom by ons gesamentlike erediens vanoggend gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Welkom ook aan alle besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. Ons nooi almal uit om ná die erediens 'n koppie koffie of tee in die binnehof te kom geniet, en nog 'n bietjie te kuier.

# LITURGIE

**Aansteek van Wydingskers**

**Stilte vir gebed**

**Wydingslied:** "Waar daar liefde is, en deernis" (Lied 526: Afr/Lat/Afr)

**Oproep:** **Liturg** – "Keer terug, Israel, na die Here jou God… (Hosea 14:2-3a)
Jy moet die Here jou God liefhê,
met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.
(Matteus 22:34-40) En, jy moet jou naaste liefhê soos jouself…
Kom met julle woorde, en keer terug na die Here. Sê vir Hom: …"

**Gemeente** – "… Vergewe ons sondeskuld volkome, Here,
aanvaar ons belydenis;
niemand anders kan ons red nie;
ook nie ons eie handewerk nie;
net by U vind die vaderlose, ontferming." (Hosea 14:3-4)

**Verootmoediging:** "God is liefde! Juig ons harte" (Lied 334:1, 3 en 4)

**Votum** (uit Hosea 14)

**Geloofsbelydenis:** Apostolicum (staande)

**Seëngroet**

**Loflied:** "Sing juigend, sing 'n nuwe loflied" (Psalm 33:1, 2 en 7)

**Kinderverhaal**

**Gebedslied:** "Heer, ons bid vir al ons kinders" (Lied 536:1 en 2)

"Heer, ons bid vir al ons kinders:
Skenk hul liefde meer en meer.
Laat hul leef in al U goedheid,
Laat hul lewe tot U eer.

Maak ons huis vir ons 'n tuiste –
vol geloof en vol gebed.
Laat ons ook in swaarder tye
vas vertrou dat U sal red."

**Skriflesing:** Hosea 1:1-12

**Verkondiging**

**Danklied:** "Heer, omvou ons met u liefde" (Lied 536:4)

**Offergawe van liefde en dank**

**Slotlied:** "Ek het, toe wilde storms gewoed het" (Lied 501:1 en 2)

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

| Ander Eredienste: | |
|---|---|
| Sondag, 14 Julie | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens)<br>18:00 – Dr. Roelie van der Spuy van die Wycliff Bybelvertalingsprojek besoek ons en vertel van hul werksaamhede (**Getuienisbediening**). |
| Sondag, 21 Julie | 09:30 – Ds. Johan Marais; gesinsdiens in die saal – ds. Jan Lubbe.<br>15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens)<br>18:00 – Ds Janke Hurter & sielkundige Anneke Coetzee oor stress en uitbranding – hoe voorkom ek dit in myself? #Roadtrip (**Jeugdiens**) |

**Ons kategese hervat vanoggend:**
**Juniors gaan ná die kinderverhaal uit na hul groepe; Seniors ná die erediens – mag die Here ons hierdie kwartaal seën met genade en groei!**

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 14 Julie | Marietjie Botes, Caro Haasbroek, Stephan Johnson en Martin Laubscher. |
| 15 Julie | Sollie Pretorius, Annabelle Schulenburg, Christo Thompson en Paul-Hendrik Zietsman. |
| 16 Julie | Johan Jooste en Francois Weyers. |
| 17 Julie | Johan Nel. |
| 18 Julie | Liam Rabie en Albie Rossouw. |
| 19 Julie | Lize van Wyk. |
| 20 Julie | Sanet Grové, Stephan Diedericks, Liezl Klindt, Heike v/d Berg, Hendru v Wyk. |

Ons is baie bly saam met dié wat bly is: Juané Jacobs, dogter van Pieter en Quilly (Genl. Conroystr.) is verlede naweek getroud; Frans en Anna Bothma het nog ‘n kleindogter bygekry; en Liezél Berry het die Ouma van ‘n baie klein tweeling geword – geluk, en sterkte!

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lynette Venter-Hefer (Inneslaan 7c, wyk 19b); Tannie Rina Visser (Batonstr. 2, Wyk 2); Oom Hans Koorts (Serenitas 11, wyk 15a); Elise Ferreira (Siësta 36, Wyk10); Donnette Watkins (Serenitas 141a, wyk15b); Tannie Santie Kleynhans en Tannie Corrie Barnard (Siësta, Wyk 10); Gerda Snyders (Willowood 1, Wyk18b); Oom Fanie van Jaarsveld (Serenitas 111, Wyk 15b) en Ida van Rensburg, vroeër van Winterstraat (Pretoria).

Ons dink aan families wat geliefdes deur die dood verloor het: Dirk en Rita en die Van Zyl-familie met die heengaan van sy broer, en Pieter en Marietjie Wilken met die afsterwe van haar broer – ons bid jul almal troos toe.

## BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Sondagoggende (08:30) bid ‘n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) in die Konsistorie: “*’n Dankbare lewe”* (uit die Heidelbergse Kategismus). Kontak ds. Jan Lubbe (082 784 9362) indien jy wil inskakel.
Woensdagaand ‘Lighthouse’-Bybelstudiegroep vir jongmense 19 tot 30: Om in te skakel en meer besonderhede by ds. Janke Hurter (078 894 9166).
Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in Konsistorie: *“In Jesus se voetspore”* (uit die Evangelies). Kontak ds. Johan Marais (084 517 8052) om in te skakel.

## KERKRAADSAKE

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe...
Kontak gerus ds. Johan Marais (084-517-8052) wat ons pastorale werk koördineer of maak 'n afspraak met een van ons leraars.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
Gedurende Julie sorg **Wyke 11** (Blok suidwes van Johieshof) en **Wyk 12 (**Blok noordwes van Tempe en langs N1) vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope Shelter. Indien jy wil help, skakel die Kerkkantoor (073 180 3193).

## BEDIENINGE

Ons begin hierdie week met ons beplanningsvergaderings en jy is hartlik welkom daarby:

| | |
|---|---|
| **Gemeentebediening:** | Maandag, 15 Julie om 17:30 |
| **Jeugbediening:** | Dinsdag, 16 Julie om 17:30 |
| **Erediensbediening:** | Dinsdag, 16 Julie om 19:00 |
| **Getuienis & Barmhartigheid:** | Donderdag, 25 Julie om 17:30 |
| **Diensverhoudinge:** | Maandag, 22 Julie om 17:30 |
| **Eiendomskomitee:** | Dinsdag, 23 Julie om 17:30 |
| **Geldsakekomitee:** | Maandag, 29 Julie om 17:30 |

## KERMIS 2024: "BERG-EN-DAL BOEREPLAAS"

In 'n kwartaal vol ander hoogtepunte ook, staan die datum van **Vrydag, 13 September** uit – merk dit asb. nou reeds in jul dagboek as 'n dag van saamkuier, eet en geniet, musiek, snuffelstafels en die deel van God se goedheid vir ons gemeente: Ons vier die 68ste verjaarsdag van Berg-en-Dal, vanjaar, met 'n lekker plaasatmosfeer.
(en, soek solank jou tekkies en begin ten minste net stap vir die Pretdraf!)
Volgende Sondag, meer inligting.

## EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 14 Julie: **Gemeente Ondersteuning (GOUF).** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per snapscan (hiernaas) na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005)**.

SnapScan

## ANDER

**CUM Boeke (Mimosa Mall):** Vakante pos beskibaar; stuur CV na cv@cumbooks.co.za